Ontmoeting 2

Andreas

Kinders besef dat hulle ander mense van Jesus se liefde kan vertel

Teks: Johannes 1:35–42a en Matteus 4:18–20
Hulpmiddels:

- Kaartjies van die dissipels (sien ontmoeting 1)
- Vir ouer kinders: stokkies, tou, sleutelringe, karton, kopieë van vissies
- Vir kleiner kinders: papierborde, gom, viskoekie-/marshmallow-/kartonvisse, visnet, roomysstokkies
- Skêre, inkleurkryte
- Kopieë van die doolhof

Welkom

- Gebruik die kaartjies van die dissipels om kaartspeletjies te speel:
  - Geheuespeletjie (*memory game*)
  - (www.theguardian.com/lifeandstyle/2008/nov/22/rules-card-games-children-memory)
  - "Snap" (www.bicyclecards.com/how-to-play/snap/)
  - "Go fish" (www.ducksters.com/games/go_fish_rules.php)
- Groepwerk: Rangskik die dissipels se name alfabeties. Watter dissipel kom eerste? Raai wie dink julle was die eerste persoon om Jesus te volg? Ons gaan vandag van hom leer en hoor hoe hy Jesus ontmoet het en daarna sy broer van Jesus vertel het.
- Doen Andreas se handgebaar (wat julle by ontmoeting 1 uitgedink het)

Feite oor Andreas:

- Sy broer was Simon Petrus
- Hy was ook 'n visserman saam met sy broer, asook saam met die broers Johannes en Jakobus
- In die verhaal van die vermeerdering van die broodjies en vissies het hy die seuntjie met die 2 brode en 5 vissies na Jesus gebring

Wyding

Stilword-ritueel: Ons kom nou in die teenwoordigheid van God. Sit met jou rug teen die stoel se agterkant. Sit jou voete plat op die vloer. Voel die vloer. Laat jou hande rustig in jou skoot of op jou knieë rus. Maak jou oë toe. Luister na die klanke buite. (15s) Luister na die klanke in die vertrek. (15s) Luister na jou asemhaling. "Dankie, Here, vir asem. Amen."

Woord

Aktiwiteit: Laat die kinders 'n aksie leer vir al die werkwoorde. Wanneer jy die verhaal (uit die 2 Bybel-gedeeltes) weer 'n keer lees, moet die kinders die aksies daarmee saam doen soos wat jy die aksie-woorde lees. Herhaal nog 'n keer tot almal gemaklik deelneem. Geniet dit!

- Sien / Kyk (maak 'n "verkyker" met jou hande)

- Stap (stap-beweging met arms en/of voete)
- Hoor/gehoorsaam (maak bakore)
- Vra/sê (maak praat-bewegings met jou hande voor jou mond)
- Soek (sit een hand horisontaal bokant oë)
- Bly/slaap (twee hande teen mekaar langs skuins gedraaide kop)
- Kuier (groet mekaar met die hand)
- Kry (hande in die lug, lyk opgewonde en verbaas)
- Visvang/vissers wees (maak vislyn-ingooi-beweging)
- Kom (roep-beweging)
- Los/laat lê (laat-iets-val-beweging)

Vir jonger kinders:
- Sien
- Stap
- Hoor
- Slaap
- Vra/sê

Johannes 1:35-42a ("die bybel@kinders"-vertaling):
"Die volgende dag toe Johannes weer daar was, sien hy vir Jesus verbystap. 'Kyk daar, Hy is die Lam van God.' Twee van Johannes se vriende hoor wat Johannes sê. Hulle is toe agter Jesus aan. Jesus kom dit agter en vra vir hulle: 'Wie soek julle?' 'Rabbi, waar bly Jy?' vra hulle. 'Kom kyk,' sê Jesus.
So het dit gebeur dat hulle saam met Jesus huis toe is. Dit was al laat in die middag. Die twee het sommer by Jesus gekuier en die aand by Jesus geslaap. Andreas was een van die twee mans wat by Jesus gekuier het. Die volgende dag het hy dadelik vir Simon, sy broer, gaan soek. 'Ons het die Messias gekry,' vertel hy toe hy sy broer kry. Die twee is toe reguit na Jesus toe. Toe Jesus vir Simon sien, sê hy: 'Jy is mos Simon, seun van Johannes. Hier tussen ons sal ons jou Sefas noem.' "
Matteus 4:18-20 ("diebybel@kinders"-vertaling):
"Op 'n dag het Jesus langs die see van Galilea gaan stap. Hy sien toe twee broers wat besig is om vis te vang. Hulle name was Simon en Andreas. Simon se ander naam is Petrus. Jesus stap na hulle toe en sê vir hulle: 'Los waarmee julle besig is. Word my vriende. Kom agter My aan. Dit sal van nou af julle werk wees om vissers van mense te wees, dit beteken om aan ander mense te sê om aan God gehoorsaam te wees.' Toe Petrus en Andreas hierdie goeie nuus hoor, het hulle dadelik vir Jesus ja gesê. Hulle het die visnette waarmee hulle visgevang het, sommer net daar laat lê."
(Lees die 2 Bybel gedeeltes en vertel ook in jou eie woorde hoe Andreas Jesus se vriend en dissipel geword het. Maak seker almal verstaan die verloop van die verhaal en wie elke karakter is. Lê klem daarop dat Andreas en sy broer Simon Petrus die eerste dissipels van Jesus was.)

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder wat sal jy vir Jesus vra.
2. Ek wonder waaroor dink jy het hulle gesels toe hulle saam gekuier het.
3. Ek wonder hoekom het Andreas eerste sy broer gaan vertel.
4. Ek wonder vir wie jy eerste sou gaan vertel dat jy Jesus ontmoet het.
5. Ek wonder hoe jy vir mense van Jesus kan vertel.

Werskaf

Vir kleiner kinders:
- "Craft" met papierbord en viskoekies

Vir ouer kinders:

- Andreas het sy broer van Jesus vertel. Net so kan jy vir mense van Jesus vertel. Kom ons maak ŉ visstok met visse wat ons kan help om vir ander te vertel.

Die "visse" het onderstaande op:

- Messias – Hy is die Gesalfde, Christus, die Kind van God (prent van baba Jesus of volwasse Jesus)
- Lam van God – Hy is jou Redder en Verlosser (prent van kruis)
- Vriend – Hy gee om vir jou (prent van hartjie)
- Hy roep jou om Hom te volg (prent van vis)
- Leidsman – Hy lei jou (prent van voetspore)
- Rabbi – Hy leer jou (onderwyser/leermeester) (prent van Bybel)
- Here – Hy sorg vir jou (prent van drukkie)

Oefen op mekaar om te vertel wie Jesus is. Maak ŉ ooreenkoms om dit te gaan deel met iemand anders.

Sluit af met die seënbede

Jesus het jou baie lief.
Hy het jou genooi.
Jy is baie welkom by sy tafel.
Hy vergewe jou. Hy maak jou hart gesond.
Sy Gees woon in jou. Amen.



Vissers van mense



Markus 1:17: “Kom hier! Kom saam met My en
Ek sal julle vissers van mense maak.”

Vissers van mense



Markus 1:17: “Kom hier! Kom saam met My en
Ek sal julle vissers van mense maak.”